# Blinde Bartiméüs

Bly net 'n oomblik staan terwyl ons 'n woord van gebed doen, kom ons buig ons hoofde.

2 Dierbare God, dis met dankbare harte dat ons ons hoofde buig in U Teenwoordigheid vanaand om U te dank vir wat U vir ons gedoen het in die tye wat verby is. En ons wil vra, Here, dat U ons sal vergewe vir al ons oortredinge, en al ons ongeregtigheid vergewe, en ons wil vra dat U ons uitermatiglik sal seën, oorvloedige wyse vanaand, insoverre dat U elke verlore persoon sal red wat in Goddelike Teenwoordigheid is, of wat inluister op die lug.

3 En ons wil ook bid, Here, dat U elkeen van hulle siektes sal genees vanaand. So bly om U elke aand hierdie groot wonders hier voor ons te sien doen, en ons is inderdaad dankbaar teenoor U, Here.

4 En ons bid dat U hierdie plek sal seën wat die Angelus Tempel genoem word, sy pastore, sy werkers, en die skool en alles waarvoor dit staan, en hulle wat hard saamwerk vir die Koninkryk van God se onthalwe, al die kerke dwarsdeur die land.

5 Gee ons van U Teenwoordigheid vanaand, Vader, dat ons hulle wat afgedwaal is van die Pad af, weer terug kan lei na die ou pad. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

6 Mag maar sit. Dit is beslis een groot voorreg om weer terug te wees vanaand om weer te praat oor die Een waarvoor ek so lief is; en ek's seker dis die gevoel van elke individu hier, is om die Een te bedank wat ons so liefhet, die Here Jesus.

7 Môre-aand, nou, gaan klein Ricky hier wees vir getuienis. Baie van julle wat gehoor het sy . . . van die groot wonderwerk wat God vir hom gedoen het. Sy vader en moeder sal hom môre-aand bring.

8 Nou vanaand vir 'n Skriflesing, ek wil graag oorkant in die Boek van Lukas lees, 19de hoofstuk en die 37ste en 38ste vers:

> *En hulle vertel hom, Jesus van Nasaret gaan verby.*
>
> *Toe roep hy uit en sê, Jesus, seun van Dawid, wees my barmhartig.*

9 Ons toneel maak oop vanaand by die stad van Jerigo, dis geleë net aan die voet van die berge, van Jerusalem af wat op die berge is en Jérigo is onder by, in die vallei, dit sit soort van in die vlaktes van die Jordaan. En dis, ek dink dis veronderstel om een van die laagste stede te wees wat daar in die, hele Palestina is. En dit moes op 'n koue oggend gewees het, iets, sê, rondom Oktober.

10 Daar was baie bedelaars in die land in daardie dag. En daar was. . . Die dokters was nie in staat om hulle te help nie, baie van hulle was siek en beproef op sulke maniere dat die dokters hulle nie kon help nie. En weer, as hulle bedelaars was, het hulle miskien nie genoeg geld gehad om die operasies te laat doen wat gedoen kon word nie.

11 En ons maak nou die toneel oop van hierdie koue oggend, ons kyk en kan so 'n bedelaar sien, soos omtrent waarvan ons nou net gelees het, wat sy pad rondvoel om 'n paar rotse wat 'n entjie van die stadsmuur af gelê het waar dit geval het daar in die dae van Josua toe die basuin geblaas het, en die belofte dat God die mure sou afbreek.

12 En die een bedelaar waarvan ons nou praat, hy was 'n blinde man, sy naam was Bartiméüs. En hy het laat gekom die oggend om sy plek in te neem wat by die poort was, net iets soos dit vandag is, wat elke man sy eie plek het om te bedel of te verkoop. En Bartiméüs het laat gekom, omtrent al die mense het klaar in die stad ingegaan, die handelaars, ensovoorts. En dit sou moeilik wees vir hom om 'n muntstuk vir die dag te kry, want gewoonlik, die manne, wat nie 'n te ryk stad is nie, hulle het net, miskien, een muntstuk elke dag gehad wat hulle na 'n bedelaar toe kon gooi, en die eerste wat hulle gesien het, miskien, was die eerste een wat die muntstuk gekry het.

13 En Bartiméüs het laat by sy plek aangekom om te bedel. En heelnag lank, het hy gedroom dat hy kon sien, iets was baie vreemd hieraan. Hy—hy het heelnag gedroom, gedraai en gerol, dat hy weer een keer kon sien; want daar word vir ons vertel dat hy blind was vandat hy net 'n jong man was.

14 En soos die digter dit stel, met sy verslete jas aan, of sy manteltjie, en sy geskeurde moue, en dit moes 'n patetiese gesig gewees het om hierdie man te sien nadat hy te laat was om—om by die poort te sit om te bedel vir iets om te eet vir daardie dag, dan probeer om vir homself 'n rots iewers te kry om op te gaan sit.

15 Julle weet, ek dink blindheid is een van die wreedste dinge waaraan ons kan dink, 'n persoon wat nie die daglig kan sien nie. En as ons kan dink aan die natuurlike blindheid, hoe groot dit is, hoeveel groter is die geestelike blindheid vir diegene wat goeie oë het en nie die beloftes van God kan sien nie?

16 En soos hy sy pad rondgevoel het, uiteindelik, oorkant in die sonlig, die son het miskien nog nie hoog genoeg opgekom om die son ver van die muur af te laat val nie, hy kry vir hom 'n rots en gaan sit.

17 Ek het 'n storietjie gelees 'n tyd gelede oor blinde Bartiméüs. Dit het gesê dat. . . Ek weet nie, dit was miskien fiksie, maar dit het gesê dat hy by die poort van Jérigo gebedel het, en hy was 'n getroude man, en hy het 'n dogtertjie gehad van omtrent twaalf

jaar oud, en hy kon nog nooit hierdie dogtertjie sien nie. En toe hy . . . As jy by die poort gesit en niks gehad het vir 'n toertjie om die aandag van die—die mense te trek wat verbygegaan het nie, was dit baie moeiliker om 'n muntstuk te kry. Soos ons vandag sien, hulle sal 'n instrument speel, of iets doen.

18 Onlangs in Indië, o, het hulle 'n—'n kobraslang wat hulle 'n fluitjie wil blaas om hom te betower, of—of 'n klein apie om hulle met 'n stok te slaan, asof hulle 'n pak kry of iets, iets om die aandag te trek.

19 Blinde Bartiméüs, het hulle gesê, het twee tortelduifies gehad wat klein bollemakiesies oor mekaar gemaak het, en dit sou die aandag van die verbyganger trek.

20 En ook in hierdie dag, vind ons dat 'n blinde persoon gelei word deur 'n hond wat opgelei is om hulle oor die straat te neem, ek vergeet net wat hulle dit noem. Maar . . . Gids Hond. In daardie dae, in plaas van 'n opgeleide hond te hê, het hulle 'n opgeleide skaap gehad wat hulle gelei het.

21 En daar word gesê dat een aand, Bartiméüs se vrou baie siek geword het. En hy het langs die huis uitgegaan en neergekniel, na die dokter weg was en gesê dat hy nie geweet het wat om vir haar te doen nie, en hy het tot God gebid en hy het gesê: "Here, as U net my dierbare, kosbare vrou sal laat gesond word, belowe ek U dat ek hierdie twee tortelduiwe sal neem en hulle aan U offer as 'n offerande." En sy vrou het gesond geword.

22 'n Tyd later, dat sy dogtertjie siek geword het, baie ernstig siek aan 'n koors. En hy het weer langs sy huis uitgegaan en gebid, en gesê: "Here, ek het niks oor behalwe my lam nie, en as U net my baba sal laat lewe, belowe ek U dat ek my lam sal neem en dit sal gee vir 'n offer op die altaar." En soos die storietjie lui, dat sy dogter gesond geword het.

23 Op sy pad na die kerk toe om die offerhande te offer, het hy die priester teëgekom, en hy het gesê: "Waarheen gaan jy, blinde Bartiméüs?"

Hy het gesê: "Priester, ek gaan na die tempel van die Here toe om my lam as 'n offer te gee."

En die priester het gesê: "Bartiméüs, jy kan nie hierdie lam gee nie. Ek sal . . . Hierdie lam is jou oë. Ek sal vir jou die geld gee om vir jou 'n lam te koop, gaan na die stalletjies toe en—en koop 'n lam en offer dit, want hierdie lam is jou oë."

Blinde Bartiméüs het gesê: "Ek is dankbaar teenoor u vir hierdie barmhartigheid wat u gewillig is om aan my te bewys, maar, u sien, ek het nooit vir God *'n* lam aangebied nie, ek het vir Hom *hierdie* lam aangebied."

"Wel," het hy gesê: "jy kan dit nie doen nie, want hierdie lam is jou oë."

24 Hy het gesê: "O, dienskneg van die Here, as ek net my belofte aan God sal hou, sal God 'n Lam voorsien vir my oë." En hoe waar is dit! As ons net ons belofte aan God sal hou, ons geloftes, en ons leiding volg!

25 En soos ons hom nou sien, wat daar sit in die warm sonskyn, wat gaan hy doen? Die winter kom aan, en miskien, met geen hout in nie, en die dinge wat hy sou nodig hê. En hy het begin droom in sy gedagte van daardie nag wat hy, van die droom wat hy gehad het, dat hy weer kon sien, en dit het herinneringe teruggebring van sy kinderdae af.

26 Julle weet, ek dink net dis goed vir ons almal partykeer in hierdie dag waarin ons lewe, in hierdie gedrang van die lewe, as ons net eenkant alleen kan kom en gaan sit en begin dink aan God en Sy goedheid; dis gewoonlik wanneer ons aan Hom dink dat Hy verskyn. Dit was terwyl hulle op pad was vanaf Jerusalem na Emmáüs, soos hulle gedink het aan en van Hom gepraat het, dat Hy aan hulle verskyn het.

27 En hy het begin dink aan iets soos hierdie: Hoedat, toe hy 'n klein seuntjie was daarbuite op die heuwels van Judéa, die klein, geel blommetjies, en hoe hy altyd uitgegaan het as 'n klein kindjie en daardie blommetjies sou pluk, en hoe mooi hulle was, veral wanneer hulle net opgekom het in die lente. En hoe hy die blou lug sou sien en sou wonder hoe ver dit bo na die lug toe was. Maar van daardie dag af, is sy sig afgesluit daarvan.

28 Dan onthou hy nog 'n groot ding van sy kinderdae, van hoedat sy pragtige, klein Joodse moedertjie hom altyd in haar arms opgetel het na sy middagete, en buite op die voorstoep sou sit met, en hom sus, en, om hom sy slapie te gee, en vir hom Bybelstories vertel van die groot Jehova God, dat hoedat God hulle volk uit die slawerny van Egipte gelei het en hulle in hierdie groot land ingebring het waarin hulle woon. En hy het net daarvan gehou om daardie stories te hoor.

29 Een waarvan hy so baie gehou het, was om te dink dat toe net onder aan die onderkant van die heuwel by die drif, daar was waar dat die Jehova God die Jordaan teruggerol en dit laat stilstaan het, totdat die magtige Josua en die marsjerende leër van Israel oorgegaan het. Hy het gehou van daardie stories van die krag van God.

30 Dan was daar nog een waarvan hy baie gehou het, in die Bybel, is dit vertel van 'n—'n vrou, en sy was 'n Sunamitiese vrou, en sy het 'n seuntjie gehad soos wat hy was. En hoe sy mamma vir hom hierdie stories sou vertel, sy ogies sou knip soos hulle haar in haar mooi gesig gekyk het.

31 En dan oor hierdie storie van die Sunamitiese vrou, hoedat die profeet Elisa so 'n wonderlike, goedhartige man was, en hierdie Sunamitiese vrou het hom gerespekteer as 'n groot dienskneg van die Here. En sy was oud, en het nie enige kinders

gehad nie, en hoe die profeet haar geseën het, en vir haar gesê het dat sy 'n seun gaan omhels, en op die bestemde tyd het die seuntjie gekom.

32 O, hy was lief vir daardie storie, want dit was oor 'n klein seuntjie. En hoe hierdie klein seuntjie sy pappa liefgehad het! En eendag buite in die veld, terwyl hulle graan ge-oes het, moes die kêreltjie 'n sonsteek gekry het, dit was omtrent middag, en hy het begin huil: "My kop, my kop!" En die vader het beveel dat die seuntjie na sy moeder toe geneem moet word. En sy het hom op haar skoot gehou vir 'n paar uur, en al sy asem het hom verlaat, en hy het gesterf.

33 En hoe die vrou so geïnspireerd moes gewees het, dat sy die kêreltjie na die profeet se bed toe geneem en hom op die bed neergelê het. Wat 'n wonderlike plek om hom neer te lê! En haar groot geloof in God, sy het gesê: "Saal nou 'n muil op, en gaan heen, en moenie stop nie," het sy vir die dienskneg gesê: "totdat ons by die man van God kom." Sy het gedink as sy ooit in die teenwoordigheid van Elisa kon kom, hy was die een wat vir haar gesê het die baba sou kom, dan kon hy haar sekerlik vertel waarom God die baba geneem het. En ek hou self van die storie.

34 En hoedat toe Elisa haar sien kom het . . . God openbaar nie alles aan Sy profete nie, Hy laat net Sy profete weet wat Hy wil hê hulle moet weet, Hy openbaar nie alles aan Sy profete nie. En hierdie groot profeet, Elisa, so magtig soos hy was, en geseënd van God, tog het hy gesê haar hart was vol hartseer, en God het dit van hom weerhou, en het hom niks daarvan vertel nie. En toe sy naby genoeg gekom het, het hy gesê: "Gaan dit goed met u? En gaan dit goed met u man? Gaan dit goed met u seun?"

35 Nou luister na die vrou: Sy het gesê: "Goed." Watter geloof! Ek sou dat God gee dat ons geloof soos daardie kon hê. Daar, het haar baba 'n lyk gelê, en haar man wat sy hande wring en sy hare trek, skree en huil buite die huis, en al die bure wat huil, hier was sy, 'n moeder met die skat van haar hart uitgeskeur en in die dood geneem, maar: "Goed."

36 Sy was naby aan die man wat God aan haar voorgestel het, hy was God se naaste verteenwoordiger. "Goed." Toe het sy nadergehardloop en voor sy voete neergeval, en aan hom begin openbaar wat gebeur het.

37 En Elisa het vir sy dienskneg gesê, gesê: "Neem my staf en gaan heen, as enigiemand jou groet, moenie teruggroet nie, gaan lê net die staf op die baba."

38 Ek dink wel dis waar Paulus die idee gekry het om sakdoeke van sy liggaam af te neem, want Elisa het geweet dat enigiets wat hy aangeraak het, geseënd was, want die Gees van God was op hom.

39 Maar die vrou se geloof was nie in die staf nie, dit was in die profeet, en ek hou van haar vasberadenheid, sy het gesê: "So

waar as die Here leef, en u siel nooit sterf nie, sal ek u nie verlaat nie."

40 As ons vanaand kon vashou aan God se verteenwoordiger soos daardie! As jy vanaand vir die Heilige Gees kon sê: "So seker as wat U die onsterflike Gees van God is, gee U my 'n belofte in die Bybel van my genesing, en ek gaan vashou totdat ek iets sien gebeur," sou daar wonderwerke plaasvind. Die kreupeles sou spring en hardloop, en die—die dokters van Los Angeles sal môre verbaas wees om hulle pasiënte genees en gesond te sien. As ons net aan God se Agent kon vashou!

41 God se agent was toe Elisa; God se Agent vandag is die Heilige Gees, hou Daaraan vas. Wanneer jy ooit in kontak kom, en jy die Heilige Gees op jou voel, hou dan Daaraan vas: "Ek sal U nie verlaat nie." Bly daarby soos Jakob het toe hy geworstel het met die Engel. "Ek gaan vashou totdat U my seën en my die dinge gee wat ek begeer."

42 Sou dit 'n wonderlike herlewing wees wat uitbreek in die Angelus Tempel, en oral op-en-af met die kus hier, as die mense wat net hier is vanaand, en hulle wat inluister op die lug, daardie gesindheid sou hê teenoor die Heilige Gees vanaand: "Ek gaan by U bly totdat ek die ding uitvind wat ek wil weet!"

43 En Elisa het gesien hy het haar op sy hande gehad, daar was niks anders om te doen as om saam met haar te gaan nie. En as julle net sal bly by die Heilige Gees, op Sy hande bly, Hy het jou lief genoeg gehad om na jou toe te kom, en jou te seën, en jou te red, bly dan op Sy hande. Onthou julle nie dat Jesus van die onregverdige regter geleer het nie? Hoe hy gesê het: "Ek vrees nóg God, nóg die mens, maar die vrou pla my dag en nag en roep na my." Hoeveel te meer sal God hulle die Heilige Gees gee wat dag en nag na Hom roep!

44 Ons het geloof om te glo dat God dit kan doen en dit sal doen, laat ons dit beetkry en vashou. Moet dit net nie laat gaan nie, bly reg daarby. As Dit nie nou kom nie, sal Dit tien minute later kom, uur later, twee weke later, 'n maand later, maak nie saak wanneer Dit kom nie, ek hou vas en ek gaan Daarby bly.

45 Toe het Elisa sy lendene omgord en saam met die vrou gegaan. En soos hy by die huis gekom het, het hy nie veel geestelike ondersteuning gehad nie, want hulle het deur die huis geloop, geskree en aangegaan. En Elisa het ingegaan en hulle uitgesit en die deur agter hom toegemaak.

46 Nou, hy het nie gebid nie, hy het net op-en-af oor die vloer geloop, gewag vir die salwing om op hom te kom, na die kant toe gekyk na daardie klein, koue vormpie wat daar lê van daardie baba, maar gewag vir die Heilige Gees om hom aan te raak. Heen-en-weer, op-en-af oor die vloer, en toe hy die Gees van die lewende God op hom voel kom het, het hy homself uitgestrek oor die babatjie, sy lippe teen sy lippe gesit, sy neus teen sy neus, sy

hande teen sy hande, en dit het sewe keer genies, begin lewe. Hy het dit teruggegee vir sy moeder.

47 Van dood tot lewe wanneer die Heilige Gees kom. Dis wat Dit doen, Dit bring van die dood na die lewe, fisies en geestelik. Neem die kanker en veroordeel dit, en werp dit uit wanneer die Heilige Gees kom; neem die dood wat in die liggaam werk en veroordeel dit om jou lewe te spaar tot Sy eer; Dit neem die sondaar wat vervreemd was van God, weg van Christus, bestem vir die hel, en reinig hom van alle ongeregtigheid en maak hom 'n seun van die lewende God, wanneer die Heilige Gees afkom.

48 O, dit het die seuntjie se hart verbly om daardie stories te hoor! O, dan sien ek hy hoor 'n geraas wat aankom, hy staan op van sy rots af. Wat is dit? Dit klink soos die hoewe van 'n klein muiltjie. "O, dit moet iemand wees wat ryk is! Ek sal vinnig uitgaan en hierdie goedhartige persoon vra vir 'n muntstuk."

49 En hy hoor 'n hardloper voor die muiltjie uitgaan om dit te lei, soos sy klein voetjies oor die keistene klap wat afkom van, na Jerusalem. Hy hardloop uit met sy vodde, en hy sê: "Asseblief, liewe meneer, sal jy vir my 'n muntstuk gee? Ek sit honger hier, ek's 'n blinde man, en ek het laat geslaap vanmôre. Ek het heelnag gedroom dat ek my sig sou ontvang, en ek het net verslaap, en almal het ingegaan. Sal jy so gaaf wees om vir my 'n muntstuk te gee?"

50 Ek kan die stem hoor kom van die een wat op die muiltjie sit, gesê: "Uit my pad uit, blinde man! Bedelaar, ek het nie tyd om vir jou te stop vanmôre nie. Ek is die dienskneg van die Here, ek's 'n priester van Jerusalem, en ek verstaan dat een of ander fanatiese profeet, met die naam van Jesus van Násaret, in hierdie stad gaan wees vandag. En ons wil geen genesingsveldtogte hieronder hê nie, ek het gekom om die vereniging byeen te roep van al die priesters van Jerigo, en om hierdie ding te stop voor dit nog begin. So, eenkant toe, bedelaar!" Die klein muiltjie gaan verder met die man.

51 Gaan terug en vind weer sy rots. Hy moet oorbeweeg, sal ons sê, omtrent twee of drie rotse oorkant toe, want die son kruip hoër. En soos hy daar sit, dink hy aan die storie: "O, as ek net kon gelewe het in die dae van Elía die profeet! Wat 'n wonderlike tyd moes dit gewees het! As ek in daardie dag gelewe het, julle weet, ek glo dat ek na Elía toe kon gaan, en hy vir my sou bid, en God sou my blinde oë oopmaak. Maar, helaas, die priesters sê almal vir ons die dae van wonderwerke is verby, daar's nie meer so-iets soos profete en—en wonderwerke nie.

52 "Maar ek wonder, waarom kon daardie groot God, Wat Hemel en aarde kon maak, Wat die Skelfsee kon oopmaak, Wat daardie wonderwerke kon doen deur Sy diensknegte, waarom kan ons dit nie vandag doen nie? Maar hulle is die geleerdes, hulle sê daardie dae het verbygegaan en is weg, lank gelede."

53 Toe onthou hy daardie selfde profeet, Elía en Elisa het afgekom in daardie selfde keisteenstraat, of, pad, arms ingehaak, op pad na die Jordaan, vyfhonderd treë van waar hy gesit het, om daardie Jordaan oop te maak. O, ek kan my voorstel hy sê: "As ek nou hulle voetstappe in daardie pad kon hoor afkom, sou ek baie vinnig daar uithardloop en neerval langs hulle, en sê: 'O, groot profete van die Here God, ek glo dat julle God se diensknegte is, bid net 'n gebedjie vir my, en God sal my my sig teruggee.'" Maar natuurlik, was hulle weg vir jare. Die dae van wonderwerke was verby.

54 Toe het hy aan iets anders begin dink, dat nadat Josua die Jordaan oorgesteek het, wat oopgemaak is deur die hand van God, eendag net voor hy Jerigo sou inneem, Josua was 'n magtige krygsman, en hy het rondgeloop, gekyk oor die groot, hoë, toringmure, en gewonder net hoedat hy oor daardie mure sou kom om sy leër te lei om die land in te neem wat God belowe het. God belowe die land, maar hy moes veg vir elke duim daarvan.

55 Suster, in daardie rolstoel, op hierdie draagbaar, God het jou genesing belowe, jy sal elke duim daarvan moet veg. Die duiwel sal jou laat veg met die Swaard van God elke duim wat jy—jy . . . Maar onthou, voetstappe is besitting. "Waar ook al jou voet trap, dit gee Ek vir jou." Elke tree wat julle kan gee. Julle weet, dit laat my godsdienstig voel. Voetstappe is besitting. "Die hele land waarop jou voete sal trap in hierdie beloofde land, dis joune."

56 En dis dieselfde vir elke gelowige vanaand, enigiets wat jy kan neem, enige Goddelike belofte van God, en daarop aanspraak maak, en dit hou, dis joune. Voetspore!

57 En toe, toe Josua nog nie baie ver gekom het nie, het hy gekamp, en hy was buite om na die situasie te kyk, meteens, het hy gekyk, en daar het 'n groot Krygsman gestaan met Sy swaard uitgetrek. So Josua het sy swaard uitgetrek en Hom tegemoet gegaan, so, hy het gestop en gesê: "Is U aan ons kant, of is U aan ons vyand se kant?"

En die Stem het teruggekom van die Een Wat Sy swaard in die lug gehad het, Hy het gesê: "Ek is die Leërowerste van die leërskare van die Here."

Die magtige kryger Josua het sy helm afgehaal en dit op die grond neergesit.

58 Blinde Bartiméüs het gesê: "As ek net by hierdie poort kon gesit het toe daardie Leërowerste van die Here daar staan, sou ek my genesing gekry het. As ek net geweet het dat Sy Teenwoordigheid daar was!" Min het hy geweet, dat minder as tweehonderd treë van hom af net toe, daardie selfde Owerste aangekom het, die Here Jesus, die Leërowerste van die leërskare van die Here.

59 Toe, meteens, was daar 'n lawaai. Is dit nie baie ongewoon, dat waar Jesus is, daar gewoonlik 'n klomp lawaai is nie? En ons hoor hulle by die poorte uitkom, skree, party wat skree: "Hosanna aan Hom wat kom in die Naam van die Here!" Ander wat sê: "U magtige Profeet van Galiléa!"

60 En die ander wat sê: "Weg met hom! Hy's 'n heks. Hy's Beëlsebub. Hy doen niks behalwe om die mense te mislei nie. Hy's 'n spiritualis. Hy's 'n gedagteleser. Weg met so 'n skynheilige!" En hulle het oorryp groente na Hom gegooi, veronderstel ek. Ek kan hulle hoor, soos party een ding sê, en die ander een, en—en die groot stormloop wat aankom.

61 En, weet julle, waar Jesus is, is daar gewoonlik 'n gemengde menigte soos daardie? Dis altyd so, daar's 'n gemengde menigte, party vir Hom, en party teen Hom.

62 Maar Hy kom aangestap, ek kan Hom sien soos Hy stil aanstap, Sy klein, swak liggaampie, soos Hy aanbeweeg het met die pad. En party wat *een* ding en 'n *ander* skree.

63 En meteens, kom daar 'n skril stem wat blinde Bartiméüs kan hoor, dis daardie selfde priester wat 'n paar uur tevore met hom gepraat het, gesê: "Sê, jou Goddelike geneser, wat daardie vals werk gedoen het met daardie man met die naam van Lasarus, as u die Goddelike geneser is en die dooies kan opwek, ons het 'n hele begraafplaas vol van hulle hierbo, kom wek sommige van hulle op!"

64 Julle weet, hulle is al vir 'n lang tyd dood, maar daardie gees lewe nog steeds vandag: "As jy kan genees, doen *hierdie*. As jy soveel kan doen, doen *hierdie*."

65 God kan nie teen jou geloof werk nie, jy moet dit glo. As julle dit geglo het, sou julle nie sulke vrae soos daardie gevra het nie.

66 Dieselfde een wat aan die kruis gesê het: "As u die Seun van God is, kom net af en ons sal u glo," dieselfde kêrel wat Hom in die woestyn ontmoet het, gesê het: "As u die Seun van God is," ("*As* u is!") "en u die groot wonderwerker is, laat ons u 'n wonderwerk hier voor my sien doen en ek sal dit glo."

67 God vermaak nie mense nie, Hy het 'n doel om dinge te doen. God doen nie dinge net lukraak, of om ongelowiges te behaag nie, Hy doen Sy wil om Sy beloftes te vervul.

68 En soos ek hom daar sien sit, en hy het begin opstaan, en die skares het hom omgestoot, en hy val op sy knieë, hy het gesê: "Wat is al hierdie versteuring? Wie is dit wat verbygaan?"

En party van hulle stoot hom weer weg: "Gaan sit!"

69 En uiteindelik, kan ek 'n goedhartige dame sien afbuk oor die ou blinde bedelaar, hom soort van weer op sy voete tel. En hy sê: "Goedhartige, dame, sal jy so goed wees, en vriendelik om vir my te sê waaroor al hierdie stormloop en versteuring gaan?"

"O," het sy gesê: "meneer, miskien verstaan jy nie, Dit is daardie Galilése Profeet wat verbygaan."

"Watter Galilése Profeet, my mooi dame? Watter Galilése Profeet? Ek het nog nooit van so Een gehoor nie."

"Dis Jesus van Násaret, die Seun van Dawid. Ken jy die Skrifte, blinde meneer?"

"Ja, ek ken die Skrifte. Ek het net hier in die warm son gesit en dink aan die groot Jehova God."

"Wel, hierdie Man Wat verbygaan, is Jesus van Násaret, Sy Seun, Wat die siekes genees en goeie, barmhartige dinge vir mense doen."

70 "O, jy bedoel nie dat dit die Seun van Dawid is nie! Nou is Hy te ver in die pad af, ek sal nooit in staat wees om deur daardie skare te kom nie." Hy's—hy's amper 'n honderd treë van die pad af, en dan miskien tweehonderd treë in die pad af. "Hoe sal ek dit ooit doen? Maar as Hy die Seun van Dawid is, is die Gees van God in Hom, en as Hy die Seun van Dawid is, sal Hy my uitroep hoor." En hy skree: "O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig!"

71 Wel, Jesus kon hom nie fisies gehoor het nie, want almal het *een* ding en 'n *ander* ding geskree. Maar wat was dit? Sy geloof het Hom aangeraak, en Hy het gestop.

72 Onthou, Hy was op Sy pad na Jerusalem om geoffer te word as 'n Offer vir die sondes van die wêreld, en die las van die hele wêreld het op Sy skouers gerus, en dit alles, en die krete van een kant na die ander, tog het die geloof van 'n blinde, onbeduidende bedelaar Hom in Sy spore gestop.

73 Geloof van een klein, onbeduidende individuele persoontjie hier in hierdie gebou vanaand sal Hom van Heerlikheid af bring na hierdie gebou toe hier, om te bewys dat Hy steeds die Seun van Dawid is, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Maak nie saak hoe arm jy is, watter kleur jou vel is, wat jy ook al is nie, dit maak nie saak nie, Hy sal stop by die swakste uitroep van geloof.

"U Seun van Dawid, wees my genadig!"

Jesus het gestop, gesê: "Bring hom hier." Wat het gebeur? Gesê: "Wat wil jy hê moet Ek doen?"

Hy het gesê: "Dat ek my sig kan ontvang."

Hy het gesê: "Wel, jou geloof het jou alreeds gesond gemaak."

74 Wat was dit? God het 'n Lam voorsien vir blinde Bartiméüs se oë. Daardie selfde Lam is vanaand voorsien vir elke geestelike of fisiese blinde persoon in hierdie wêreld wat genoeg geloof sal hê om uit jou hart uit te roep: "U Seun van Dawid, wees my genadig!" Hy sal die kanker wegneem, Hy sal die siekte wegneem, die blindheid, wat ook al verkeerd is met jou, net

die sagste, klein uitroepie, wat God voorsien het vir die Lam, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

75 Dit was die man se geloof wat Hom gestop het; dit was die vrou se geloof by die . . . sy het deur die skare gedruk en Sy kleed aangeraak en Hy het omgedraai. Dis dieselfde Jesus Wat vir Simon kon sê wat sy naam was, en wat sy vader se naam was; Dis dieselfde Jesus wat vyftien myl om die berg kon sien en vir Natánael vertel voor hy na die diens toe gekom het: "Ek het jou gesien toe jy onder die boom was."

76 Dis dieselfde Jesus wat die prostituut by die put gesien het, wat in haar gesig gekyk en gesê het: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

Toe sy gesê het: "Ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Dis reg, jy het vyf."

En sy het gesê: "Meneer . . . "

Nie soos die priesters van daardie dag nie, hulle het gesê Hy was Beëlsebub, 'n fortuinverteller, 'n duiwelse gees: "Hierdie dinge is gedoen deur 'n onrein gees."

77 Maar hierdie vroutjie het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet, ons Samaritane weet, dat wanneer die Messias kom, hierdie die teken sal wees wat die Messias volg, want Hy sal ons alles vertel, Hy's die God-Profeet wat Moses gesê het sou opstaan, en U moet Sy Dienskneg wees. Maar ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy ons alles vertel. Maar Wie is U?"

78 Dit was daardie Stem wat kon sê dat: "Ek is Hy."

79 En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het." Daardie getuienis van daardie vroutjie het die hele stad geroer, totdat die mans die Here Jesus geglo het. En toe het Hy nooit enige genees nie, Hy het Filippus afgestuur na Sy opstanding om die siekes te genees.

80 Daardie selfde Jesus kan na die Angelus Tempel toe kom vanaand, in dieselfde krag van Sy opstanding, en jou geloof kan Hom op die toneel roep as jy Hom dit net sal laat doen, want Hy is die Lam van God, geslag vanaf die grondlegging van die wêreld, Wat al jou krankhede genees, en al ons sondes vergewe.

Kom ons buig ons hoofde buig en praat met Hom.

81 Here, net hoe kan ons met U praat, Here, op so 'n manier en die—die woordeskat hê, dat ons ons harte kan uitdruk, vir hoe ons U liefhet en U dank? Ons wat U opstandingskrag aanskou het, U wat kosbaar aan ons harte is, ons bid, God, dat U net nou sal kom. Een Woord van U af, sal meer wees as wat ons in 'n miljoen leeftye kan sê, want die mens kan omtrent enigiets sê

wat hy wil, maar een Woord van U, O Here, sal U Woord as waar bevestig.

82 Ons wil U dan vra, Here, dat U elke persoon hier sal red. En as ons guns vind in U oë, deur ons geloof. . .Nie omdat ons so heilig is nie, ons bely dit nie, maar ons bely dat ons geloof het in die Een wat Heilig was, en ons sondes bely het, en vergifnis gevra het, en die getuienis van Sy Heilige Gees op ons gehad het, ons staan geregverdig deur Sy werke.

83 Ons vra, Here, dat U nou in ons midde sal inkom, ons geloof sal neem, alles wat ons kan—kan bymekaar maak, laat die groot Heilige Gees inkom en die werke van die Here Jesus voortsit, daardie kosbare liggaam wat aan U regterhand sit vanaand as 'n Hoëpriester om voorspraak te maak volgens ons belydenis. Red dié wat verlore is en genees die siekes. Ons vra dit, in Jesus' Naam.

84 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, voor daar een sigbare ding gedoen is, hoeveel in hierdie groot gehoor vanaand sal julle hande opsteek na God, en sê: "God, ek het heeldag aan U gedink, nader nou tot my, ek het U nodig"? Sal jy net jou hand opsteek na Hom toe? "Ek het U nodig, Here, nader nou tot my." God seën julle.

85 Sou daar een hierbinne wees wat net nie reg is met God nie? Sê: "Here, ek glo nou, voor ek U selfs een ding sien doen, wil ek hê U moet my genadig wees, ek het verkeerd gedoen, en ek gaan my sondes net nou aan U bely. Wees my genadig." Steek jou hand op, sal jy? God seën jou, jou, jou, o, goeiste, regoor die gebou, in die balkon, dosyne hande.

86 Here, voor hulle selfs een beweging van U gesien het, in hierdie klein, gebroke boodskappie, op een of ander manier, het die Heilige Gees nadergekom, die Leërowerste van die Here. Bewys nou Uself, dierbare Here, deur tekens en wonders te doen net soos U hulle gedoen het voor U kruisiging, en hierdie mense sal U vinnig ontvang as hulle Verlosser. Ons vertrou nou die diens toe aan U, Here, ek het van U gepraat, spreek U nou, Here, en bevestig wat ek gesê het as die waarheid, as U dit so goed vind om dit vanaand te doen, Here. In die Naam van die Here Jesus, vra ek dit. Amen.

87 (Ons suster, op die klavier.) Nou, julle wat julle hande opgesteek het net 'n paar oomblikke gelede, ek sou julle net nou geroep het, maar omdat dit. . .Ek het dit met 'n doel gedoen, op een of ander manier vanaand voel ek vreemd, dat die Heilige Gees naby is—is vanaand, ek sien dit soos 'n verwagting oor die gehoor om iets te ontvang. O, wat 'n aand kan dit wees! Die Heilige Gees, ek's—ek's seker Hy's hier, ek's seker daarvan. En as jy nou net aan Hom sal vashou, en sê: "O Lam, U was die Een Wat vir my ook geslag is, ek hou nou aan U vas vir my genesing, my verlossing," wat jy ook al nodig het!

88 Nou, in die kerk, het Hy gawes gestuur, sommige is apostels. *Apostel* en 'n *sendeling* is dieselfde woord, wat beteken: "een wat gestuur is." Wel die sendeling wou net 'n—'n sendeling genoem word, ek weet nie hoekom nie, want 'n *sendeling* en *apostel* beteken albei: "een wat gestuur is." Sendelinge, of profete, apostels, profete, leraars, evangeliste, en pastore, dis die amp van die Kerk. En hierdie ampte behoort lewendig te wees met die Heilige Gees, nie ingestel deur mense nie, maar ingestel deur die Heilige Gees in elke kerk. Apostels, profete, leraars, evangeliste, pastore, hierdie is ampte wat God in die Kerk geplaas het. Die mens het niks daarmee te doen nie, God plaas hulle in die Kerk.

89 O, ons het natuurlik, een of ander skyngeloof, en ek bedoel nie om dit krities te sê nie, vriende, moet—moet my nie verkeerd opvat nie, maar ek bedoel in hierdie dag, wanneer ons 'n sosiale evangelie het wat soveel gepreek word, is dit net 'n gewone roetine om kerk toe te gaan, wat verkeerd is.

90 God lewe in Sy mense. Hy's lewendig, werk onder Sy mense, herrese, en roep Sy mense uit, en trek hulle na Hom toe. En hierdie ware ampte van God getuig van die dieselfde ding, want hulle is gevul met daardie Gees van Hom, wat op aarde geleef het in menslike vlees in die liggaam van Jesus, wat nou aan die regterhand van God sit om voorspraak te maak, en Sy Gees beweeg hieronder onder Sy mense. Geseënd sy Sy Heilige Naam! Beweeg in Sy mense, 'n lewendige Kerk, gevul met die Gees, al Sy gawes en wonders wat volmaak in die Liggaam werk.

91 Dit behoort enige mens net nou te wil laat kom, wanneer ons sien dat omtrent enigiets kan gebeur in een. . . Voor hierdie diens vanaand afsluit, mag ons almal in die Ewigheid wees. 'n Waterstofbom kon vir Los Angeles tref, en sonder twyfel, staan daar *Los Angeles*, op een geskryf in 'n loods nou ver in die ooste, iewers, julle weet dit. Hulle sit, ingestel op elke stad in die Verenigde State, en ons het elke bom op hulle ingestel, laat een net trek, dis al.

92 Hulle het 'n bom wat 'n gat in die grond sal skiet honderd vyf-en-sewentig voet diep vir 'n honderd vierkante myl. Waar sou jy kon wegkruip daarvan? Wel, die skudding sou reg in die—die vulkaniese ingaan. Die skudding sou elke been in jou liggaam breek as jy 'n duisend voet in die grond kon ingaan. Jy kan nie wegkruip nie, ons gaan in elk geval nie soontoe nie, ons gaan *hier*natoe, boontoe soos *hierdie*.

93 So, dierbare vriend, in die Bybelse tyd die laaste Kerk voor God vir Sodom vernietig het met vuur en swael, het Hy na Sy Kerk toe gekom, Sy uitverkore Kerk. Hy het twee predikers afgestuur om in Sodom te preek, maar Hy het gekom na Sy uitverkore Kerk toe in Sy, in 'n. . . [Leë kol op band—Red.]

94 Jehova God het dit gedoen, en gesit met Sy rug gedraai na die tent en met Abraham gepraat, en Hy het gesê: "Ek gaan

nie enigiets geheim hou van jou nie, Abraham. Jy het gewag vir hierdie belofte, en omtrent volgende maand, gaan Ek aan jou verskyn op die tyd van die lewe vir Sara."

95 En Sara in die tent, het by haarself gelag. En die Engel het gesê: "Waarom het Sara gelag?" En die Bybel het gesê Hy het Sy rug na die tent gehad. Wat het Hy gedoen? Hy het haar gees onderskei. Wat was dit? Net daardie teken is gegee net 'n paar uur voor Sodom verbrand is, dis die laaste teken.

96 Wat het Hy gedoen net voor Hy na Sy Eie toe gekom het, Sy Eie het Hom nie ontvang nie? Hy het gekom en vir Petrus gesê wie hy was, Hy het vir Natánael gesê waarvandaan hy gekom het, Hy het vir die vrou by die put vertel; beide Jood en Samaritaan, maar nooit een keer voor die Heidene nie, nie een keer nie. Hoekom? Hy het gespreek dat dit sou kom.

97 Maar nou is die einde van die Heidense tydperk, ons is aan die einde. Ons het tekens gehad, en wonders van wonderwerke van genesing, evangeliste, en kragte, ensovoorts, maar wat is die laaste teken? God is oneindig, en as Hy een ding eenkeer doen, moet Hy dit weer doen met dieselfde omstandighede wat opkom, Hy moet dieselfde ding doen. Hierdie is die einde van die Heidense tydperk. Nou, al hierdie is Skrif. Nou is dit waarheid, sal dit werk? Mag God dit skenk.

98 (Gebedskaartjies is vandag uitgegee? Wat? K? K?) K. Goed. Ons kan nie te veel op een slag laat staan nie. K, nommer een, wie het dit? Gebedskaartjie K, nommer een, sal jy jou hand opsteek? As hulle die groot lig sou aanskakel op die balkon. K, nommer een, sal jy jou hand opsteek? K, nommer twee, sal jy jou hand opsteek? Net hier. Kom hier, dame, net hieronder. Nommer drie, steek jou hand op. Goed, hier oorkant, hierdie dame hier. Nommer vier, steek jou hand op. Nommer vyf, steek jou hand op. Goed, net hier. Kom reguit af hiernatoe.

99 Nommer ses. Jy K, nommer ses? Goed. As jy nie uit die stoel kan uitbeweeg nie, laat haar net sit, dis alles reg, sy's in die gebedsry. Dis alles reg. Laat my net weet wanneer ses geroep word. K, nommer sewe, steek jou hand op. K, nommer agt, steek jou hand op. Nege, steek jou hand op. Tien, steek jou hand op. Elf, twaalf, dertien, veertien. K, veertien. Vyftien, sestien, sewentien, agtien. Hou net aan marsjeer. Agtien, negentien, twintig.

100 Het julle gisteraand in die kamer opgelet? Dit het gelyk asof wanneer die—die onderskeiding aan die gang was, die mense skynbaar bymekaar gekom het, maar as hulle—as hulle nie bymekaar gekom het nie, wel, dan was dit . . . Wanneer die Gees van onderskeiding sou kom, sou dit hulle laat bymekaar kom; sekerlik, dit behoort te.

101 Ek wil net 'n oomblik met die gehoor praat. My bediening is net 'n bietjie later teken vir die Kerk as die oplegging van hande. Hand-oplegging was 'n Joodse gebruik. Toe Jaïrus se dogter dood

is, het Jaïrus vir Jesus gesê: "Kom, lê U hande op haar." Maar toe die Romein, Heiden, sy dienskneg siek was, het hy gesê: "Ek's nie waardig dat U selfs onder my dak kom nie, spreek net die Woord." Dis reg.

102 Nou, ons het tekens gehad van hand-oplegging, regdeur vir tweeduisend jaar, maar nou, is ons by die afsluiting van die tydperk, dis nou iets anders. My bediening is, is dit: Dis deur 'n Gees van onderskeiding, dat dit Jesus Christus as teenwoordig mag manifesteer, daardie Lam waarvan ons praat wat geslag is.

103 Nou, hoeveel weet dat daar nie 'n mens op aarde is wat jou kan genees nie? Julle weet dit. Niemand kan jou genees nie, as dit is, dan is die Skrif verkeerd wat, in Psalms 133, gesê het: "Ek is die Here Wat al jou krankhede genees." So dan, julle sien, is daar geen mens wat jou kan genees nie, God doen die genesing.

104 Wil jy die suster in die ry sit? Wat was sy, ses of sewe daar, was sy nie, of iets? Hoe sê? Nommer ses. Goed. As jy net daar wil sit, wel, dis heeltemal al. . . Hoe sê? Wat ook al, as jy haar in die ry wil sit of haar daar los, wanneer ses se beurt kom, sal ek vir haar gaan bid. Goed, meneer, sit net daar. Goed, meneer. Goed, meneer.

105 Goed. En die res van julle almal wat in julle stoele is, en dinge, en nie kan opstaan soos daardie nie, sit net daar, en dis heeltemal in orde.

106 Nou, die bediening is om die Here Jesus, Sy Teenwoordigheid, bekend te maak, dan as—as God dit belowe het, en Hy hou daardie belofte, hoeveel meer bonatuurlik en groter is dit as enigiemand wat genees word? Hoeveel weet dit? Wel sekerlik.

107 Dit kan 'n—'n klein geval wees van net. . . As jy kreupel, of verlam was, en miskien het jy gesit en probeer, jy kan opstaan en miskien 'n paar treë neem, maar om iets so bonatuurlik te sien, dit gaan af in die lewe van die persoon, en bring dinge uit en openbaar die geheime van die hart, wat Sy Teenwoordigheid bewys. Dis reg. Dan behoort julle te glo, almal, en die hele groep kan op een slag genees word. Glo julle dit? Glo almal dit? Steek julle hand op, almal van julle wat dit glo.

108 (Moenie nou meer in die gebedsry sit op die oomblik nie.) Ek wil sien hoeveel julle glo. (Kom hier, Billy. Stop net die gebedsry en kom 'n oomblik hiernatoe. Kom nader.)

109 Hoeveel in hierdie gehoor het nie 'n gebedskaartjie nie en julle glo dat Jesus Christus julle sal genees? Kyk julle hiernatoe en bid. Sê die Bybel Hy's 'n Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? En as jy Hom aangeraak het, sou Hy op dieselfde manier optree as wat Hy toe het, toe Hy hier op aarde was, as Hy dieselfde Hoëpriester is. Nou kyk julle hiernatoe en glo met julle hele hart, hê geloof.

(Hoeveel het julle nou in die ry? Twintig? Dis nou genoeg, bring hulle.)

110 Nou staan jy net 'n oomblik daar, dame. Die vrou, ek reken ek het haar nog nooit gesien nie, ek reken ons is vreemdelinge vir mekaar, dis reg. Ons—ons steek net albei ons hande op dat hierdie ons eerste ontmoeting is. Die sigbare gehoor kan dit sien. En die radiogehoor, ons is hier by 'n massiewe, groot skare in die Angelus Tempel vanaand, en daar's siek mense regoor die plek, en julle in radioland wat inluister.

111 Jesus Christus, die Seun van God, toe Hy hier verskyn het in die laaste dag by die Heidense mense, soos Hy belowe het om te doen, sal Hy die teken van die Messias, Sy opstanding, moet wys, net soos Hy het toe Hy hier was in 'n fisiese liggaam, is Hy nou hier in die vleeslike Liggaam van Sy Kerk wanneer ons saam verenig is in gebed, en die Heilige Gees teenwoordig is. Net soos Paulus, toe hy afgekyk en gesê het: "Ek sien dat jy geloof het om genees te word."

112 Toe hy uit was op die skip daardie nag, en die skippie rondgeslinger is, en tienduisend duiwels gesweer het hulle sou Paulus verdrink, en elke slag van weerlig wat afgekom het, was 'n glurende demoon op die golwe, en tog het die Engel van die Here na Paulus toe gekom, en Paulus het uitgehardloop, en gesê: "Hou goeie moed, want die Here God, Wie se dienskneg ek is, het Sy Engel gestuur, en Hy het by my gestaan, daar gaan nie een van ons verlore gaan nie," het hy geweet waarvan hy praat. Daardie selfde Jesus lewe vanaand.

113 Hier's 'n vrou wat 'n totale vreemdeling is, ek weet niks van haar af nie, haar nog nooit in my lewe gesien nie, en sy het my nog nooit gesien nie, ons het albei ons hande op dat ons nog nooit mekaar ontmoet of gesien het nie, en *hier* lê die Woord van God op hierdie heilige lessenaar. U het gesê, dat as Jesus dieselfde was, sou Hy dieselfde optree en dieselfde doen soos die Bybel gesê het Hy is dieselfde. Hier's 'n man en 'n vrou, net soos Johannes 4, toe Jesus ons Here die vrou by die put ontmoet het, en Hy het haar nog nooit tevore gesien nie, sy het 'n probleem gehad, en Hy het net 'n oomblik met haar gepraat, totdat Hy kontak gemaak het met haar gees en vir haar gesê het wat haar probleem was.

114 En sodra sy van haar probleem vertel is, het sy gesê: "Ek sien dat U 'n profeet is. En ons soek na die Messias om te kom om dit te doen." Almal wat weet dis die waarheid in hierdie sigbare gehoor, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

115 Jesus het gesê: "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog, sal julle My sien, want Ek," 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees tot aan die einde van die wêreld, selfs in julle."

116 Dan as ek vir julle gesê het ek het die gees van John Dillinger, die skurk, sou julle van my verwag om gewere te hê en gemeen

te wees; as ek gesê het ek het die gees van 'n kunstenaar, sou julle van my verwag om die skildery van die kunstenaar te kan skilder; die Gees van Christus in die Kerk is, sal Dit die werke van Christus doen, Dit moet, Dis dieselfde Gees.

117 Nou, ek's 'n man, sondaar gered uit genade, maar deur 'n Goddelike gawe . . . Nou, as daardie vrou siek is, ek weet nie sy is nie. Ek weet nie, het geen idee waarvoor sy daar staan nie, Ek het niks om te weet nie. Ek weet nie wie sy is, waar sy vandaan kom nie, niks. Wel, hoe . . . ? Sy mag finansieel in die moeilikheid wees, sy mag geestelik in die moeilikheid wees, sy mag fisies in die moeilikheid wees, ek weet nie, maar as God aan my sou openbaar van haar, hoeveel sal dan glo met julle hele hart? Goed. Wees nou eerbiedig.

118 Staan jy net daar, dame. Wees jy die beoordelaar. Mag die Here Sy seëninge byvoeg. Hieroor, sommer nou, kon die Woord van God bewys of ek die waarheid gepraat het of nie. Dis reg. So, Hy is in staat om dit te doen, of Hy sal of nie, dit weet ek nie.

119 Maar ek sien jy is deur 'n dokter ondersoek, en dis stene, dis galstene en nierstene, of iets, dis reg, in die stene. Dis presies reg. En jy behoort daarvoor geopereer te word, dink hy. As dit waar is, steek jou hand op.

120 Glo julle, nou? Nou, dat dit elke raaiskoot kan dek, sodat die kritikus nie in staat mag wees om te kritiseer nie; nou maak julle gereed, en as iets anders vir die vrou gesê word, ek sê nie Hy sal nie, maar as dit is, dan juig julle net, en kry daardie Heilige Gees beet wat net nou in die gebou is, en hou Daaraan vas, en julle daarbuite in radioland, doen dieselfde ding.

121 Ek weet nie wat ek vir jou gesê het nie, maar wat dit ook al was, was die waarheid. Ek onthou jy het jou hand opgesteek. Sien, dis 'n ander—dis 'n ander wêreld, dis 'n gees-wêreld waarin jy ingaan om iets te sien wat gebeur het. Ja, ek sien dit weer terugkom, nogal 'n sterk man, wat 'n ondersoek doen, galstene, dis reg, en stene in die nier, stel 'n operasie voor. Jy's van buite die stad, jy's van die ooste, Phoenix, Phoenix, Arizona. Ja, meneer. En as God vir my sal sê wat jou naam is, sal—sal dit jou help? Mev. Rose Wagner, jy kan nou huis toe gaan en gesond gemaak word. God seën jou. Goed. God seën jou.

122 Glo julle nou met julle hele hart? Dit behoort dit af te handel. Dis die Groot Heilige Gees wat in die gebou is, Jesus Christus se belofte wat vervul word. Dit behoort elkeen van julle aan God te laat vashou, en sê: "Ja, Here, ek weet U is hier. Ek gaan nou vashou, ek gaan U nie laat gaan nie, ek gaan wees soos die Sunamitiese vrou met Elisa. Ek gaan vashou totdat ek die begeerte in my hart kry."

123 Hier's 'n dametjie wat hulle ook hiernatoe gebring het. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek; God ken ons albei. As God sal openbaar terwyl die Heilige Gees teenwoordig is die

dinge. . .iets waarvan jy weet ek niks weet nie. As ek jou nog nooit gesien het en jou nog nooit geken het nie, wel dan, moet daar Iets Bonatuurliks wees.

124 Daardie vrou bly verskyn wat pas hier op die platvorm was net 'n paar minute gelede. Waarnatoe het sy gegaan, wat genees is? 'n Vrou. . .O, is dit sy wat daar ver agter in die gehoor staan? Kyk hiernatoe, ek bly jou hier sien staan. Ja, dis iets op jou hart waarvoor jy bid. Dis jou broer, hy het hartprobleme daar oorkant by jou. Maar hy's nie van Arizona nie, omdat jy dit hierbuite op die platform gesê het, Arizona, hy's nie van Arizona nie, hy's van Indiana, Indianapolis, Indiana. Gaan huis toe, meneer, Jesus Christus maak jou gesond.

125 Sien julle die Heilige Gees? Die man nie. . .Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hou vas aan God se onveranderlike hand en Sy beloftes, en jy kan kry waarvoor jy vra. Dis God se genade en goedheid. "Hoe groot is U, Here, hoe groot is U!"

126 Na negentienhonderd jaar, is Hy steeds lewendig. En wanneer daar geen maan, of sterre, of wêrelde meer is nie, sal Hy nog steeds lewendig wees, en Sy onderdane sal by Hom wees, nog steeds lewendig. O, ons gaan in 'n Ewigheid in. Niemand kan verduidelik wat *Ewigheid* beteken nie, dis "vir altyd." Meer as vir altyd, *vir altyd* is "'n tydsbestek." Dis oneindig.

127 As God aan my sal openbaar, dame, jy wat hier staan, wat jou probleem is. . .Ek het nie bedoel om onbeskof te wees nie, maar daar het hierdie vrou bly staan, 'n ander vrou wat gestaan het, soort van rooi hare, en jy's grys hare, sien, ek het geweet daar was 'n verskil in jou. En dit was iets anders op haar hart wat nie heeltemal tevrede was nie, dan was daar 'n man wat bly verskyn het. En ek het gesien daar was iets daaraan verbonde, dat. . .

128 Maar as die Here aan my sal openbaar wat jou probleem is, of iets van, sal jy my glo as Sy profeet, of, Sy dienskneg? Jy ly aan 'n hartprobleem, dis 'n lekkasie van die hart, sê die dokter. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy nou? Nou net 'n oomblik, daar's iets anders op die vrou se hart, sy is besorg oor iemand anders, want daar het 'n—'n meisie langs haar verskyn. Dis reg, is dit nie? Nou, hou net 'n oomblik dop, en kyk wat die Heilige Gees sal sê. Ja, dis 'n meisie, dis haar kleindogtertjie, en sy's in een of ander soort skool, sy kry aanvalle. Dis reg. Dis waar.

129 Hier's nog iets wat jy nodig het: Jy wou altyd 'n naby wandel met God hê, julle wandel nie nou net reg met Hom nie; en jou man, ook, het 'n nader wandel met God nodig, hy's daar reg agter. Dis reg. Goed, glo julle net met julle hele hart, en wandel julle almal nader aan God, en God sal jou kleindogtertjie verlos, haar gesond maak. Glo jy nou en gaan huis toe. En God sy met julle en seën julle. Amen. God seën julle.

130 Kom ons dank die Here, sê net: “Dank U, Here Jesus,” vir Sy goedheid en genade. Wees nou baie eerbiedig, wees baie eerbiedig.

131 Hierdie persoon wat naderkom, hier’s ’n volmaakte prentjie van Johannes, 4de hoofstuk: ’n Wit man en ’n gekleurde vrou; dit was ’n—’n Jood en ’n Samaritaan. Nou, dame, ek veronderstel, ons is vreemdelinge vir mekaar, die Here het—het ons net hierdie eerste keer bymekaar gebring. As God aan my sal openbaar, soos Hy het vir die vrou by die put, die iets in jou hart, die geheim waarvoor jy hier is, sal—sal jy dit glo, weet . . . ? Jy weet of dit die waarheid is of nie, en as Hy weet wat was, sal Hy sekerlik weet wat sal wees. Dit is net so waar as wat dit kan wees. Jy het baie dinge verkeerd met jou, jy het geval, so pas ’n val gehad, en jy het jou maag seergemaak, jou knieë, ook. En hier’s nog iets: jy’s ’n vroueprediker. Dis SO SPREEK DIE HERE. Jy’s genees. Gaan huis toe. Jesus Christus maak jou gesond.

Geseënd sy die Naam van die Here. Hê geloof.

132 Reg in lyn met die vrou wat hier sit, in hierdie tweede ry hieragter, dame, daardie persoon, tweede persoon wat daar sit, ly aan ’n kopprobleem, glo jy Jesus Christus sal jou gesond maak, daaragter, hieragter in die tweede ry? As jy dit sal glo met jou hele hart, kan jy dit kry.

133 Jy het kanker, dis geskadu tot die dood. Jy het net een hoop, dis in Jesus Christus. Glo jy dat as Jesus Christus so—so besorg sou wees, sou weet waarvoor jy hier is, en aan my sou openbaar wat jou probleem is, glo jy dat Hy jou nou sal gesond maak? As ek vir jou sal sê waar die kanker geleë is . . . ? Dis in die blaas. Dis reg. Is dit reg? Nou, glo jy Hom? Goed, jy kan huis toe gaan en Jesus Christus maak jou gesond. God seën jou. Amen.

Hê geloof in God. Moenie twyfel nie, glo met jou hele hart. “As julle kan glo!”

134 Hierdie die dame, die volgende een? Goed. Ons is ook vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie.

135 Wat daar reg agter sit met hoë bloeddruk, glo jy Jesus Christus sal jou gesond maak? As jy dit glo met jou hele hart, geloof het in God, kan jy dit kry.

136 Joune is komplikasies, sommer baie dinge verkeerd met jou. Dis reg. Dit is veroorsaak deur ’n ongeluk. Ek sien jou daar staan . . . Of vragmotors, ’n vragmotor het jou getref, dis wat dit gedoen het. Is dit reg, is dit nie? Steek jou hand op as dit waar is. Nou, as God my na daardie toneel toe kon bring, toe ek daardie ding sien gebeur het, glo jy Hy gaan jou gesond maak? Goed, jy het jou genesing, gaan dan op jou pad en juig, sê: “Dank U, Here Jesus.” Goed. God seën jou nou.

137 Nou, hierdie, sit jou hand op myne, dame. As God aan my sal openbaar terwyl ek oor die gebou kyk na *hierdie* kant toe, as God my sal wys deur 'n visioen wat verkeerd is met jou en ek wat *hierdie* kant toe kyk, sal jy glo met jou hele hart dat dit Jesus Christus die Seun van God is? Sal jy? Dan is jou asmatiese toestand, hoes, dis nou verby, jy kan huis toe gaan, gesond wees. God seën jou. Hê geloof.

138 Steek jou hand uit. Kom hier. Glo jy dat God vir my kan sê, wat opkyk na die hemele soos hierdie, wat jou probleem is? Diabetes. Glo, gaan huis toe en word gesond. Hê geloof.

Glo jy God?

Hoes, asmaties, gaan huis toe, damesprobleem, dit verlaat jou nou alles, gaan huis toe en word gesond.

Nou, as julle aanhou glo soos daardie, verg nie eers 'n onderskeiding nie!

Jou probleem is in jou rug. Gaan huis toe, sê: "Dank U, Here Jesus," jy sal gesond word en gesond wees.

Jy moet gebed kry, want dis kanker.

139 O Here, ek dryf hierdie bose duiwel uit wat kanker genoem word uit hierdie sterwende vrou, ek plaas tussen haar en die dood die Bloed van Jesus Christus, mag dit haar verlaat.

Gaan blymoedig huis toe, sê: "Dank U, Here Jesus."

Jy het dit ook gehad, meneer. Glo nou. Toe dit haar verlaat het, het dit jou ook verlaat. Gaan, glo met jou hele hart, glo nou.

Hartprobleme, hou net aan beweeg, sê: "Dank U, Here Jesus," en glo Hom.

Probleem is in jou rug. Glo met jou hele hart en gaan huis toe en word gesond, in die Naam van die Here Jesus.

Glo jy Jesus Christus sal jou genees en jou gesond maak as ek hande lê . . .?

Dank God. As dit nie iets beteken nie! Kyk na daarbuite.

Here, seën ons suster, en stuur haar huis toe om gesond te wees, in Jesus' Naam.

Hê nou geloof.

140 Jy's bang jy gaan jou hele lewe kreupel wees met daardie artritis. As jy sal glo met jou hele hart, sal jy? Gaan net van die platvorm af soos 'n jong dame, glo God sal jou gesond maak, en Hy sal dit doen as jy net sal glo.

Jou hart pla jou. Glo jy dat Jesus Christus jou sal gesond maak? Kom hier, laat ek hande op jou lê.

Here God, in Jesus' Naam, bid ek dat U die man sal genees. Amen.

Goed, kom.

141 Reg hieronder, die dame wat reg oorkant aan hierdie kant sit, na my kyk, het inwendige probleme, het ’n serp om jou nek. Glo jy Jesus Christus sal jou gesond maak, dame, wat hieragter sit, die laaste ry daar oorkant? As jy dit sal glo met jou hele hart, aanvaar dit in die Naam van die Here Jesus, en word gesond gemaak. God seën jou, suster. Dis reg. Dis reg.

142 Wat het sy aangeraak? Wat het met haar gebeur? Sy het die Hoëpriester aangeraak, die Een wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

Goed, jy het suikersiekte. Glo jy Jesus Christus sal jou genees? Gaan dan blymoedig huis toe, sê: “Dank U, Here Jesus.”

Glo God sal jou genees van hierdie gewas, en jy sal nie wees. . . ’n operasie hoef te hê nie. Gaan, en die Here Jesus seën jou.

143 Ek ken hierdie vrou wat hiernatoe kom. Ek weet wie sy is, sal nie onderskeiding hoef te hê nie, hierdie vrou wat ek goed ken, dis Mev. Peterson. Nou, sy’s ’n vriendin van my, was net by die huis nou die dag. Ek wil vir haar bid.

144 Dierbare Here, ek kom in die Naam van Jesus om te bid vir hierdie dierbare moeder van Israel, soos dit gesê sou word, ek vra dat U haar genees. Laat die seëninge van God op haar rus, en verooordeel hierdie probleem in haar liggaam, deur Jesus Christus’ Naam. Amen.

God seën jou, Suster Peterson.

Sy’s ’n vriendin van my van Minneapolis.

145 Goed, suster hieronder, gaan jy nou glo, was jy in die ry? Sê jou. . .Is dit jou man wat daar sit, van jou? Sit nou julle hande oorkant op julle soos daardie, en julle kan net reguit opstaan en huis toe gaan vanaand en gesond wees. Nou glo net, hou jou hand net ’n oomblik op haar.

146 Reg hierbo op die balkon, omtrent drie rye op en twee in, ’n dame wat daar sit en ly aan spatare. Glo jy, dame, dat die Here Jesus jou sal gesond maak? Ja. Jy wat omkyk, glo jy dit met jou hele hart? As jy kan, aanvaar dit net nou, en, jy kan huis toe gaan en gesond wees in die Naam van Jesus Christus.

147 Nog hoeveel van julle hierbinne wil God se seëninge net nou ontvang en glo dat God julle sal gesond maak?

148 Goed, broer, glip iemand anders hier ondertoe, sit jou hande op hierdie persoon hier, reg. Ek kan julle die Koninkryk van God wys wat naby julle kom. Glo jy dis dieselfde Lam van God? Op hierdie ander dame hier, ook, sal jy nie?

149 Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem en die siekte van die wêreld, Hy’s nou teenwoordig om te genees. Glo julle dit? Hoeveel te meer. . .? Wat kon Hy nog doen? As Hy hier gestaan het met hierdie pak aan, kon Hy niks meer doen as

wat Hy net nou doen nie. "Ter wille van ons oortredinge *is* Hy—Hy deurboor; deur Sy wonde, *het* daar vir ons genesing gekom," verlede tyd. Julle genesing is alreeds gedoen. Glo julle dit? In Sy Teenwoordigheid, Hy Wat nou hier is, Hy seën julle siel, hou vas aan Hom, hou vas.

150 Moenie dink ek's 'n fanatikus nie, ek's nie 'n fanatikus nie, ek weet waar ek is, en ek weet waarvan ek praat. Die Heilige Gees is hier en sal elkeen van julle gesond maak, as julle dit sal glo.

151 O Here, in die Naam van Jesus Christus, werp ek die demoniese krag van vrees af van hierdie gehoor en van die radiogehoor. En mag diegene buite in radioland, opstaan uit hulle beddens, opstaan uit hulle rolstoele, opstaan uit die hospitaalkamer, rondloop, met blydskap gaan, vashou, want Jesus Christus, die Seun van die lewende God het opgestaan uit die dood en is teenwoordig.

152 Kom op uit die rolstoel. Daar kom nou 'n dame uit hierdie rolstoel uit, wat hier in 'n rolstoel gesit het, sy het haar genesing aanvaar. Hulle probeer 'n ander dame kry wat van die bed afkom.

153 Laat ons op ons voete staan en God prys, staan op elkeen van julle in die Naam van die Here Jesus Christus. Staan nou op julle voete, daar is hande op julle gelê, elkeen van julle kan gesond gemaak word. Sing en prys Hom.

59-0408 Blinde Bartiméüs
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org